

HOËRSKOOL HENNENMAN

NUUSBRIEF

Nit die skoolhoof se pen...



Liewe Ouers

'n Besige drie weke is reeds verby! Ons sportjaar het met die jaarlikse kleursport afgeskop. Die Blouspan, met 2132 punte was die weners van die dag met die Rooispan (2022 punte) kort op hulle hakke!

Baie geluk aan die volgende leerders wat rekords verbeter het:

Natalie Lukas	D14	200m en hoogspring
Ruoise Möller	D16	Diskusgooi en spiesgooi
Liané Alexander	D16	Hamergooi
Janeske Ferreira	D17	Hamergooi

Die volgende prestasies is ook behaal:

Beste meisies-baanatleet:	Naledi Matloloane	100m D15	678 punte
Beste meisies-veldatleet:	Liané Alexander	Hamergooi D16	838 punte
Beste seuns-baanatleet:	Johan Delpont	100m S19	568 punte
Beste seuns-veldatleet:	Alfranko Steyn	Diskusgooi S15	691 punte

Victrix Ludorum: Ruoise Möller
Victor Ludorum: Rynhardt Bossé

Baie geluk aan almal wat tydens die byeenkoms presteer het. Ons is baie trots op julle! Baie dankie ook aan elke leerder wat tot die einde gebly het! Julle was deel van die dag se sukses!

TENNIS



Baie geluk aan Jano Ross wat na afloop van die o.15-tennisproewe derde op die Lejweleputswa o.15-tennisranglys geëindig het.

Ons is baie trots op jou!

DANS

Dané Rossouw en Khloé Marshall het aan die *Universal Dance Championship South-Africa se National Final* van 2024 deelgeneem.

Hulle behaal die volgende uitslae:

Dané	Musical Theatre	79,6%
	Contemporary	75,3%
Khloé	Musical Theatre	79,6%
Groepdans	Black and Gold Senior Jazz	84,6%

Beide word genooi om as deel van span SA aan die *Odyssey of Dance Virtual International Championships* deel te neem.

Baie geluk! Ons is baie trots op julle!



#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM

- PER LABORUM AD FINEM -

HOËRSKOOL HENNENMAN
NUUSBRIEF
Nit die skoolhoof se pen...



KRIEKET LIGAWENNERS – EERSTE SPAN SEUNS


Ons eerste seunspan het die afgelope seisoen aanskoulike krieket gespeel en onoorwonne in die liga geëindig. Hier volg die uitslae van hulle laaste drie wedstryde:

Hennenman wen Wessel Maree met 407 lopies. Uitblinkers met die kolf was Husan Mohammed met 117* en Rethabile Motsoledi met 119* lopies elk, terwyl Dilyn Claassens 96* in die toegelate boulbeurt behaal het. Husan neem ook 6 paaltjies en behaal 'n driekuns.

Hennenman wen Bullfontein met 172 lopies. Uitblinkers met die kolf was Husan Mohammed (63 van 52 balle), Dilyn Claassens (41 van 25 balle) en Rethabile Motsoledi (37 van 44 balle). Rethabile neem 5 paaltjies en Jano Ross en Husan 2 paaltjies elk.

Hennenman wen Hoopstad met 129 lopies. Uitblinkers met die kolf was Husan Mohammed (45 van 51 balle), Ethan Compton (33 van 20 balle) en Jano Ross (33* van 28 balle). Husan neem 4 paaltjies, Norman van Staden 3 paaltjies en Siya Khaba 2 paaltjies.

Baie geluk aan ons eerste krieketseuns met 'n uitstekende seisoen! Julle is welverdiende ligawenners!



RUGBY UITSPEELWEDSTRYDE

Ons o.15-, o.16- en eerste rugbyspanne speel op 1 Maart uitspeelwedstryde om te bepaal in watter liga ons moet kompeteer.

Ons doen 'n beroep op al ons rugbyspelers om asseblief die oefeninge ter voorbereiding van hierdie wedstryde, by te woon.

KRIEKET – EERSTE SPAN MEISIES

Ons eerste meisiespan het hulle laaste ligawedstryd teen Welkom Gimnasium gespeel en moes ongelukkig die knie buig. Hulle verloor met 6 paaltjies.

Uitblinkers met die kolf was Jana Ross (58* van 59 balle) en Boitumelo Mbombo (35 van 46 balle). Jana en Tiffany Laas neem elk 2 paaltjies.

Baie dankie aan elke meisie wat getrou deur die seisoen geoefen het! Ons is trots op julle vordering!

LEJWELEPUTSWA ATLETIEK

'n Groot groep van ons atlete gaan gedurende die volgende twee weke aan die Lejweleputswa atletiekbyeenkomste deelneem. Die datums is as volg:

Maandag, 10 Februarie: Goudveld, Welkom

Hamergooi
Busgeld: R30

Vrydag, 14 Februarie: Kroonstad

Uitdunne vir baanitems
Busgeld: R50

Woensdag, 19 Februarie: Bloemfontein

Alle finale
Busgeld: R70

Die bus vertrek STIPTELIK om 05:00. Atlete moet reeds 04:45 by die skool wees. Atlete van Ventersburg en Phomolong moet asseblief met eie vervoer tot by die skool kom. Die atlete van Virginia sal 05:20 by BP en direk daarna by Harvinia opgelaaie word. Na afloop van die atletiek sal die leerders van Virginia op pad huis toe weer afgelaaie word. Ventersburg en Phomolong leerders se ouers moet hulle asseblief by die skool kom haal.

Die personeel is ook betrokke as beamptes. **Daar sal dus GEEN skool op Woensdag, 19 Februarie wees nie.**

#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM

-PER LABORUM AD FINEM-



HOËRSKOOL HENNENMAN

NUUSBRIEF

Nit die skoolhoof se pen...



ALGEMENE SLAAGVEREISTES	
GRAAD 8 & 9	GRAAD 10 – 12
Afrikaans bo 50%	Afrikaans bo 40%
Engels bo 40%	Nog 2 ander vakke bo 40%
Wiskunde bo 40%	Nog 3 vakke bo 30%
Nog 3 ander vakke bo 40%	
Nog 2 ander vakke bo 30%	
<i>LET WEL: Geen leerder kan staatmaak om oorgeplaas te word op grond van jare in fase of met kondonering en/of aanpassings nie.</i>	

TOELATING TOT UNIVERSITEIT
<p>'n Leerder kwalifiseer vir toelating tot universiteit indien hulle vier vakke bo 50% behaal. Hulle moet ook vir Afrikaans bo 40% en Engels bo 30% behaal.</p> <p>Alle leerders moet asseblief hard werk sodat hulle aan hierdie vereistes kan voldoen!</p>

BELANGRIKE INLIGTING

SKOOLTYE				
MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
07:30 – 13:45 Begin met register. Saal voor pouse.	07:30 – 13:30 Begin met register.	07:30 – 13:30 Begin met register.	07:30 – 13:45 Begin met register. JA na pouse.	07:30 – 13:30 Begin met register. Geesvang/saal voor pouse.

EKSTRA- EN TUTORIAALKLASSE

Daar sal van Maandag tot Donderdag verpligte ekstraklasse wees vir sekere grade en vakkombinasies.

Graad 8- en 9-leerders wat met aanpassing of kondonering geslaag het, sal ook in hierdie tydgleuf **verpligte** tutoriaalklasse in Afrikaans en Wiskunde bywoon. Enige ander graad 8- en 9-leerder is egter ook welkom om hierdie tutoriaalklasse by te woon. Hier volg die rooster:

OGGEND EKSTRAKLAS (07:00 – 07:30)				
MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
	Wisk graad 11 Fis Wet graad 12 RTT gr 10 (ekstra vak)	Wisk graad 12 RTT gr 11 (ekstra vak)	RTT gr 12 (ekstra vak)	

VERPLIGTE EKSTRA KLASSE (middae)				
MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
13:45 – 15:00	13:30 – 14:30	13:30 – 14:30	13:45 -14:45	GEEN
Gr 12 Rek / Geo Gr 10 Wiskunde	Gr 11 Fis Wet Gr 12 Wisk / Wisk Gel Gr 10 – B Stud (ekstra vak)	Gr 12 Fis Wet/ B Stud / L Teg Gr 11 Wiskunde	Gr 12 L Wet/RTT/Toer	
	TUTORIAALKLASSE Gr 8 Afrikaans Gr 9 Wiskunde	TUTORIAALKLASSE Gr 9 Afrikaans Gr 8 Wiskunde		

Sien asseblief die opgedateerde kalender op ons facebook en webtuiste. Geniet die naweek!

#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM

-PER LABORUM AD FINEM-